*"Lig uit Lig,*
*tot lig vir die nasies"*
*(NICEA 1 700)*

**Sondag, 5 Oktober 2025**

**Van buite na binne, van 'n Kaïnsmerk na 'n lewensteken – só loop Gods genade!**

*"Die Here het toe op Kaïn 'n merkteken gesit, sodat niemand wat hom teëkom, hou sou doodslaan nie. Kaïn het toe uit die Here se teenwoordigheid weggegaan en in die land Nod gaan woon, oos van Eden."*
(Genesis 4:15-16)
*"Luister Israel, die Here is ons God, die Here alleen. Jy moet die Here jou God met hart en siel liefhê en met al jou krag. En hierdie woorde wat ek jou vandag voorskryf, moet jy op die hart dra. Herhaal dit vir jou kinders en praat met hulle daaroor... Bind dit as 'n teken om jou hand en laat dit 'n versiering op jou voorkop wees."*
(Deuteronomium 6:4-6)
*"Want om 'n Jood te wees, is nie iets uiterliks nie... Inteendeel, iemand is innerlik 'n Jood en besnydenis is iets van die hart, geestelik, nie letterlik nie. Só iemand ontvang lof, nie van mense nie, maar van God."*
(Romeine 2:28-29)

God het lig geskep (Dag 1); God het vog en water geskep (Dag 2); God het grond, groeikrag en plante geskep (Dag 3); God het son en maan, tyd en seisoene geskep (Dag 4); God het lewe in water geskep en lewe in die lug, 'n "wemeling" van visse en voëls (Dag 5); God het die diere laat verskyn en "mense na Ons beeld" (Dag 6). Woord en wetenskap; God spreek, God skep. Soos 'n refrein weerklink dit: "God het gesien dat dit goed was" (Gen. 1:4, 10, 12, 18, 21, 25, 31). Só was dit in dié mooi Tuin, deur God aan mense gegee om in te woon en te werk en te leef en te aanbid. En toe kom die breuk van Genesis 3: tussen mens en God, tussen mens en mens, tussen mens en skepping – almal en alles ly. God wat moes kom soek en roep: *"Mens, waar is jy?"* (3:9). Die volgende verhaal – Genesis 4 – vertel dat dié breuk van sonde nóg dieper verwond, nóg wreder word: moord! Terwyl Genesis 1 en 2 ons die afgelope kwartaal vol verwondering gelaat het oor hoe God lewe skenk, laat Genesis 3 en dan veral 4 jou verslae: die neem van lewe; *"Mens, waar is jou broer?"* (4:9). Die verloor van die Tuin (3:23-24), word die verlies van lewe en verál, die verlies... "weg uit die Here se teenwoordigheid..." (4:16). Godverlatenheid.

En dan tóg, hier en daar, sprankies van hoop – God gee nie op. God klee weer die mens en sy vrou, om hul verleentheid te bedek (3:21). God gee 'n oorlewingsmerk aan Kaïn (4:15) en selfs 'n nageslag – die eerste "familieregister" (4:17-21)! God begin weer en só geleidelik bring Hy weer byeen wat gebreek het, al roepend na mense; skenk Hy weer 'n lewenskans, gee Hy telkens tekens van sy genade en liefdestrou – óp mense se voorkoppe, ín hulle harte. Vanoggend, wéér, hier...

**JL.**

Hartlik welkom by ons erediens vanoggend, gelei deur ds. Jan Lubbe en ons orrelis, dr. Johan Cromhout in die kerk. Welkom aan alle besoekers, familie en vriende van die dopelinge en ook diegene wat via ons webblad, op *Facebook* en op Berg-en-Dal se *You Tube*-kanaal by die erediens inskakel.

# LITURGIE

**Verwelkoming & aansteek van die wydingskers...**

**Moment vir Stilgebed**

**Wydingslied:** "Jesus, groot bo almal" (Lied 177, twee keer)

**Votum:**

**Liturg –** "Ek kyk op na die berge –
waar sal my hulp vandaan kom?"
**Gemeente –** "Ons hulp is van die Here,
wat hemel en aarde gemaak het.
**Liturg –** "Hy sal nie toelaat dat jou voet struikel nie;
jou Beskermer sal nie insluimer nie.
**Gemeente –** "Die Here is ons Beskermer;
die Here is die skaduwee aan ons regterkant.
**Liturg –** "Die Here beskerm ons teen elke onheil,
die Here beskerm ons ingaan en ons uitgaan.
**Gemeente –** "Van nou af tot in ewigheid. Amen." (Psalm 121)

**Seëngroet**

**Loflied:** "Prys die Here, loof en prys Hom" (Psalm 146:1, 3 en 6)

**Herinnering aan dié Twee Woorde vir 'n ware geseënde, gesonde, gelukkige lewe...**

**Verootmoediging:** "God se liefde, so oneindig" (Lied 332:1, 2 en 3)

**Herinnering aan die doopgenade...**

**Dooplied:** "My enigste troos" (Lied 292:1)

**Getuienis van die doopouers en geloofsbelydenis:** Nicea

**Bediening van die doop aan Emile Erasmus en Imke en Zian Prinsloo**

**Gebed**

**Dooplied:** "Die doop is die seël" (Lied 292:2)

**Skriflesing:** Genesis 4:9-16; Deuteronomium 6:4-9 en Romeine 2:25-29

**Gebedslied:** "Tot U, Here, klink ons loflied" (Lied 332:4)

**Verkondiging**

**Dankgebed**

**Offergawe van liefde en dank**

**Uitnodiging en uitsending**

**Slotlied:** "Here, hoe blymoedig" (Lied 525:1 en 3)

**Seënbede, Amen & Orrelnaspel**

**Ander Eredienste:**

| | |
|---|---|
| Sondag, 12 Okt | 09:30 – Ds. Jaco Thom. |
| Sondag, 19 Okt | 09:30 – Ds. Janke Hurter (gesamentlike oggenddiens). |
| | 15:00 – Teol.std. Steve Popane (Sothodiens). |
| | 18:00 – Ds. Johan Marais (Matrieks). |

**Hierdie is die laaste Fokus vir die 3e kwartaal; ons gee dus alle inligting vir die vakansie en begin 4e kwartaal deur. Die volgende Fokus verskyn op 19/10/2025.**

**MEELEWING EN VOORBIDDING**

Ons hartlike gelukwense aan almal wat vandag en in die komende twee weke verjaar:

05 Okt. Germarie Adendorf, Elsa Joubert, Ilzé Maree, Riana Schutte, Annatjie Wolmarans
06 Okt. Elsabé Maartens, Deline Murray en Carien Weyers.
07 Okt. Erna Hattingh.
08 Okt. Annatjie Coetzer, Jolandé Fourie en Elsa Top.
09 Okt. Miané Bekker en Izak Herbert.
10 Okt. Henk de Waal.
11 Okt. Jared Gerber, Elphia Janse van Rensburg en Nicolaas Luwes.
12Okt. Tian Joubert en Carla Loots.
13 Okt. Gerrit du Preez.
14 Okt. Elise Ferreira, Henco Kotzé, Margaret Kruger en Magdaleen Schoch.
15 Okt. Ansie Barnard, Gerda Conradie en Stean du Toit.
16 Okt. Hein Carstens, Marlene du Plessis, Elizna Gerber, Hanco Nel en Ebeth Wilson.
17 Okt. Divann du Plooy, Janu Janse van Rensburg, Nicolene Lombard, Elsie Strauss, Rubin van Heerden en Johannes van Rooyen.
18 Okt. Bennie Grové.

Aan die doopfamilies: Erasmusse, Rossouws, Miennies, Prinsloo's – seën & blydskap!

Ons gebede gaan uit na almal wat siek is, in hospitale of tuis aansterk: Philip van Wyk (Wyk 18); Tannie Choppie Ferreira (Wyk 6); Herculina van Wyk (Bewarea 58, wyk 8c); Hanna-Mari Hoffman (Winterstr. 21, wyk 6a); Oom Leslie Attwell (Japie Ludickstr. 20, wyk 18a); Dr Dawid Griessel (Genl. Cronjéstr. 3, wyk 9a); Hercules Pretorius; Oom Fanie van Jaarsveld (Serenitas 111, wyk 15); Oom Kowie Wessels (Hillandale Aftree-oord, wyk 12b); Izak Herbert (Sedanstr. 4, wyk 19a) en Dr Johan Celliers in Pretoria. Ons dink aan almal wat op een of ander wyse 'n sieke of verswakte familielid moet ondersteun.

Ons meelewing ook aan Louise van Wyck en familie met die heengaan van haar moeder, Tannie Mariana Barkhuizen; aan Maretha Krige en familie met die heengaan van Tannie Betzie Barkhuizen; en aan Tannie Jakkie Pienaar met die heengaan van Oom Arrie – vroeër van Kapt. Goodmanstraat hier in ons gemeente (nou in Pretoria). Troos jul almal toegebid.

**BYBELSTUDIES, KLEINGROEPE EN GEBEDSAKSIES**
Geen byeenkomste in die komende week; hervat weer op 15 en 16 Oktober 2025.

## KERKRAADSAKE

**Gasvryheidsbeurte & Sorg-en-omgee:** Dankie aan Wyke 17 en 18 wat in September vir ons gasvryheid Sondae met tee en koffie in die binnehof, en Vrydagaande se ete na Anchor of Hope-Shelter gesorg het; in Oktober is Wyke 19 (Bayswater en plase) en 20 (Waverley) aan diens. Indien jy hiermee wil help, kontak die Kerkkantoor (073 180 3193).

**Verlofreëlings:**

Ds. Janke Hurter 4-7 Oktober 2025 Ds. Johan Marais 7-12 Oktober 2025.
Ds. Jan Lubbe 10-29 Oktober 2025 (konferensie & sinode in Thailand en Japan)

Let daarop dat die kerkterrein en -kantoor op **Vrydag, 10 Oktober 2025**, gesluit sal wees – ons gee 'n ruskans aan alle personeellede uit waardering vir hul Kermiswerk!

## BEDIENINGE

Ons laaste rondte bedieningsvergaderings vir 2025, begin dieselfde week waarin die skole heropen – let asb. daarop, kom woon by, help terugkyk en beplan vir 2026...

| | | |
|---|---|---|
| **Gemeentebediening:** | Maandag, | 13/10 om 17:30 |
| **Jeugbediening:** | Dinsdag, | 14/10 om 17:30 |
| **Erediensbediening:** | Dinsdag, | 14/10 om 19:00 |
| **Getuienis- en Barmhartigheid:** | Donderdag, | 16/10 om 17:30 |

### GEMEENTEBEDIENING

**Vrouebediening Dankie sê-Koevertjies:** Oktober is tyd vir vrouelidmate se insameling vir hul projekte ter noodleniging of ontwikkelingshulp; kry jou koevertjie in Fokus, by die deure of die Kerkkantoor (073 180 3193).

**Seniorbediening:** Ons nooi almal 60+ uit na ons vrolike musiekbyeenkoms op Woensdag, 15 Oktober om 09:30 – kom lag en kuier saam!

### JEUGBEDIENING

**Kategese:** Ons kategese hervat op Sondag, 19 Oktober, gewone tye en plekke. NB: Die naweek vir die finalejaars se belydenisdiens en Nagmaal, skuif aan na 1 en 2 November.

**BERG-EN-DAL KERMIS 2025 – NOG 'n KEER BAIE DANKIE!**

*Ons sê nog 'n keer dankie aan almal wat gelei en gewerk en gehelp en kom kuier het! Boereplaas 2025 het R 292 531,69 opgelewer (die Padwedloop moet nog bykom). En die wenner van die "Hommeltuighop" / "Drone Drop" het sy eerste prys van R 2 000 se brandstof by Preller Motors, aan Gladstoneweg Jeugsorgsentrum geskenk!* ***SDG****!*

**EREDIENSKOLLEKTE: 'n LIEFDESGAWE**

SnapScan

Die eredienskollekte op 'n Sondagoggend en -aand, is 'n liefdesgawe uit dankbaarheid vir God se sorg en seën. Ons gee 'n tiende daarvan (10%) ter ondersteuning van die genoemde sinodale werksaamheid of ander instansie/projek vir die betrokke Sondag – vanoggend, 5 Oktober: **Vennootskappe: Lesotho.** U kan ook 'n kollekte of dankoffer via die internet (eft) of per SnapScan na Berg-en-Dal betaal – **ABSA Tjekrek. 470-580-011 (Takkode: 632005).**